Shayne Holesgrove
admin@gracelife.co

Waarom glo jy wat jy glo?

Meeste mense glo sekere dinge as gevolg van hul opvoeding, hul kultuur of tradisies. Dalk is dit waarmee wat jy grootgeword het, die waarheid; tog is dit belangrik dat jy die feite en bewyse aangaande jou geloof ken. Anders loop jou geloof die risiko om geskud te word.

Het iemand jou al ooit gevra: "Hoekom is jy 'n Christen?" of “Hoekom glo jy wat jy glo?”? Miskien is jy al met vrae gekonfronteer, of het jy al jouself afgevra: "Hoe weet ek dat Jesus uit die dood opgestaan het?", of "Hoekom glo ek die Bybel?" Miskien het jy al gewonder hoe ons kan weet of daar enigsins 'n God is. Ons moet antwoorde op hierdie vrae hê.

Christene kan dikwels nie verduidelik hoekom hulle glo wat hulle glo nie – en tog moedig die Bybel self ons aan om te weet hoekom ons glo wat ons glo, en om gereed te wees om dit aan ander te verduidelik (om redes vir ons geloof te kan aanvoer).

> 1 Petrus 3:15 Vertaal uit KJVS
> Maar heilig die Here God in julle harte, en wees altyd gereed om met sagmoedigheid en vrees antwoord te gee aan elkeen wat van julle rekenskap vra oor die hoop wat in julle is.

> 1 Petrus 3:15 Vertaal uit AMPC
> Maar sonder Christus af in julle harte as heilig [en erken Hom] as Here. Wees altyd gereed om 'n logiese verweer te gee aan enigiemand wat jou vra om rekenskap te gee van die hoop wat in jou is, maar doen dit hoflik en met respek.

Shayne Holesgrove
admin@gracelife.co

Elke gelowige behoort in staat te wees om redelike en logiese antwoorde rakende hulle geloof te gee. Dit beteken nie dat jy 'n meestersgraad in Bybelkunde hoef te hê nie – maar as gelowiges *moet* ons weet hoekom ons glo wat ons glo, en ons moet dit aan ander kan verduidelik op 'n manier wat hulle kan verstaan. Die Bybelvers hierbo sê ook dat ons 'n verduideliking van ons geloof op 'n hoflike en bedagsame manier aan ander moet kan gee. Met ander woorde, alhoewel die verduideliking van of rede vir ons geloof vir mense aanstootlik mag wees, moet ons dit op 'n manier aanbied wat nie aanstootlik is nie. Dit wys vir ons dat ons die waarheid moet ken en verstaan, en dat ons ook 'n paar interpersoonlike- en kommunikasievaardighede moet hê om ons te help om daardie waarheid op 'n liefdevolle manier te deel (Efesiërs 4:15).

> Jeremia 29:13 Vertaal uit KJVS
> En julle sal My soek en vind as julle My met julle hele hart soek.

> Jeremia 29:13 Vertaal uit NLT
> As jy my heelhartig soek, sal jy my kry.

Jy kan God ken! Jy hoef net te soek! En God het dit vir ons maklik gemaak om uit te vind wie Hy is, want Hy het Homself op baie maniere aan die mensdom geopenbaar. Hy kruip nie vir ons weg nie, maar maak Homself vir ons toeganklik. Ons kan bewyse van God se bestaan in die filosofie, wiskunde, wetenskap, logika, biologie, geskiedenis en soveel ander areas vind. Daar is soveel mense in die wêreld met verskillende belangstellings en maniere van dink, dat God, in Sy wysheid, Homself op verskillende maniere aan die wêreld geopenbaar het. As ons werklik soek en soek, sal ons Hom vind.

Shayne Holesgrove
admin@gracelife.co

Vrae om oor na te dink (as jy reeds in Jesus glo)

1. Het jy al ooit jouself afgevra hoekom jy glo wat jy glo? Of is jy al deur iemand anders daaroor gekonfronteer? Wat sou jou antwoord wees?
2. Het jy al ooit gedink of gevoel dat daar van Christene verwag word om “net geloof te hê”, en dat daar geen logiese verklaring of wetenskaplike basis vir geloof in Christenskap is nie? Hoe laat dit jou voel?
3. In hierdie sessie het ons bespreek dat daar redes vir ons geloof is, en dat ons dit kan en moet ken en dit aan ander kan verduidelik. Ons het gesien dat God dit in sy liefde vir ons vir ons moontlik gemaak het om Hom te vind en te ken. Hoe beïnvloed hierdie bespreking die manier waarop jy God en jou verhouding met Hom sien?
4. As jy 'n logiese en redelike verduideliking en verklaring vir jou geloof gehad het, sou jy meer selfvertroue gehad het om jou geloof met ongelowiges te deel?

Vrae om oor na te dink (as jy nog nie oortuig is om in Jesus te glo nie)

1. Het jy al ooit gewonder of God bestaan of nie?
2. Dink jy dit is moontlik om te weet of God bestaan of nie?
3. As jy bewyse kon vind, bo redelike twyfel, dat God bestaan - sou jy daardie bewyse aanvaar en probeer om Hom te ken?